

PROMOVENDUS

Die woordeboek omskryf promovendus as iemand wat binnekort sy doktorsgraad sal verwerf. Onlangs het ek Leon* die promovendus tydens my bediening aan gevangenes ontmoet. Sonder enige teologiese kwalifikasie en met feitlik geen geloof nie land hy in die gevangenis. In sy eie woorde het dit uiters ellendig met hom gegaan. 'n Swartman, kom ons noem hom John*, kom na hom en sê vir hom hy lyk baie siek. Leon bevestig dat hy baie, baie siek voel. Die man vra hom of hy medisyne wil hê wat hom gesond sal maak. Leon sê enige medisyne sal help. Die aand kom John na sy sel en vra of Leon die medisyne gekry het? Leon sê nee. Die man sê dan moet hy onder sy kopkussing kyk. Daar vind Leon 'n Bybel toegedraai in koerantpapier. Ergerlik vra hy vir John of hy simpel is om na die Bybel as medisyne te verwys. Rustig sê John hy gaan drie Skrifgedeeltes vir hom gee wat hom beslis sal genees.

John sê Leon moet eers Amos 3:3 lees: "Sal twee saamloop as hulle dit nie afgespreek het nie?" Hy sê hy spreek nou met Leon af om saam met hom te loop totdat hy gesond is. Leon sê hy dink by homself wat sal hierdie armsalige Swarte tog van die Bybel en godsdiens weet? Toe sê hy Leon moet Psalm 32:8 lees: "Ek wil jou onderrig en jou die pad leer wat jy moet volg. Ek wil jou raad gee en my oog oor jou hou." Leon voeg hom toe sommer 'n hele paar lelike woorde toe. Rustig vervolg John dat hy Leon graag wil onderrig en die pad wil leer wat hy moet volg. Die pad na genesing. Die derde gedeelte is Genesis 6:5-6: "Toe die Here sien hoe groot die verdorwenheid van die mens op aarde is en dat hy sy lewe lank net slegte dinge bedink, was die Here bedroef daaroor dat Hy die mens op die aarde gemaak het." Net voordat hy John weer wil skel, tref dit Leon dat die Here bedroef is oor sy sondeverlorenheid en verdorwenheid. Dat dit is waarom John ook oor sy siekte bedroef is. Waarom die Here hom deur John die pad na genesing wil wys. Hy sê net daar verduidelik John rustig vir hom dat hy siek voel omdat hy nie werklik 'n sondebeseft het nie. Dat hy nie genade kan ontvang of verstaan wat genade is as hy nie eers 'n beseft van sy sonde het nie.

Gaandeweg het John vir Leon bygestaan totdat Leon nie net in die geloof gegroei het nie, maar ook die behoefte tot verdere studie ontwikkel het. Leon het hom so verdiep in sy studies dat hy al sy studies met lof afgehandel het en tans met sy doktorale studies besig is. John is reeds 'n jaar of twee uit op parool en Leon verwys graag na hom as sy eintlike promotor! Hy sê hy kry vandag nog skaam oor sy sondige optrede, veral teenoor John. Hoe wonderlik en groot is die genade en werke van die Here nie om ons tot ware sondebeseft en dankbaarheid te lei nie?

*Skuilname

Jan Lubbe(Benoni)